

19 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:12-34
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:20 en 34

Christus is die Eersteling wat opstaan uit die dood

Paulus stel dit duidelik: As Christus nie opgewek is nie, is ons geloof waardeloos. Dan is ons die bejammerenswaardigste van alle mense, want ons bou ons hede op iets wat nie waar is nie. Wie die opstanding van Christus ontken is nie 'n Christen nie.

“Maar nou ...” Teenoor die leuen staan die waarheid: “Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit die wat gesterf het.” Hy is die Eersteling en nie die Enkeling nie. Eersteling impliseer dat daar 'n tweedeling en 'n biljoensteling sal wees! Vir almal is die dood oorwin en “God sal alles wees vir alles” (vs 28).

Hierdie waarheid is nie menslike kennis wat jy met jou denke kan begryp nie. Dit is “kennis van God” (vs 34). Kennis van God is geopenbaarde kennis wat jy moet glo en God vertrou, anders doen jy sonde. As jy glo, dan is die kennis van God deel van jou werklikheid en is jy oneindig ryk!

Sing: Psalm 95:1 (TTC)

Ds. Chris Hattingh (Randburg)